DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

24/2024

29 Augustus 2024

## LIEWE MENLO

In Pretoria word die koms van die lente met 'n vloed van geel-rooi Clivia aangekondig. Die eerste teken: 'n Roering in die natuur wanneer die wintersonstrale saad uit hibernasie streel. Dan bars die vulkaan om 'n vlaag van vurige blommeprag te onthul.

*Boslelie*. Dit is maar 'n nederige naam vir hierdie skugter blom wat haar volle glorie net vlietend ontbloot. Tog is die krag waarmee sy haar uit haar wintermantel wikkel so indrukwekkend dat die herinneringe van Clivia-prag ons geheuebank vir 'n hele jaar vul.

Hierdie skouspel speel homself klokslag, in Augustus, in talle Suid-Afrikaanse tuine af. Trouens, die boslelie met haar vurige gloed is 'n Afrika-kind. Sy hoort hier. Wanneer jy haar in rotsskeure, teen berghange, in vleie en valleie gewaar, weet jy dat haar krag dieper as haar prag lê. Clivias is ook op Menlo-bodem te sien waar hulle mekaar in die beskerming van die koelte met kleur aansteek – 'n simbool van vasberadenheid en 'n nuwe begin.

Agter Clivias se delikate kleur – dit wissel van liggeel tot vlamrooi – skuil 'n hardkoppigheid wat haar nie deur die ongenaakbaarheid van koue winters laat onderkry nie. Getrou aan haar karakter wag sy geduldig op haar beurt om die wintervaal te verdryf. Skielik is dit lente – en 'n tapisserie van kleur ontvou. Soggens sluit die son die hemel al hoe vroeër oop en die maan wag deesdae al hoe langer voordat sy die dag kom haal.








Insig 24 vertel ook van afsluiting en 'n nuwe begin, van sukses wat slegs moontlik is wanneer 'n mens bereid is om geduldig te wag. Dit is 'n vertoonvenster wat getuig van die toewyding waarmee die fietsryers en landloopatlete week na week opdaag om hulle skool te verteenwoordig en van die sukses waarmee 'n mens beloon word wanneer jy waag – soos die revue en ons eie woordkunstenaar, meneer Van Wyk. Die Insig vier vandeesweek graag die sukses wat Parkies op verskeie terreine behaal het. Welgedaan aan almal wat vandeesweek 'n beloning vir sy of haar harde werk ontvang het, selfs al lyk die oorwinning klein.

Op Menlo-bodem word die koms van die lente met die Menlofees uitbasuin. Moenie vergeet om kaartjies te koop en jou geluk met die boerpot te toets nie. Wie weet? Jy is dalk die gelukkige wenner van 'n reis vir twee na Dubai.

Geniet die deelnamefees van Insig 24!

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke na 082 579 4968.

**Johannes 10:14 (Die Boodskap)**

"Ek is vir almal wat My volg soos die beste herder van wie hulle kan droom. Daar is 'n sterk verhouding tussen My en elke gelowige. Ons ken mekaar. Soos my Vader My ken en Ek Hom ken, so ken Ek en elke gelowige mekaar."

# DAGBOEK

**30/8**

**Boomplantdag**

Rugby: Frogfoot Sewestoernooi (tuis) – 31/8

Debat: Con Spirito-semifinaal (Garsfontein ) – 31/8

**31/8**

Graad 10-bal

**2/9**

**Somersdrag**

**3/9**

Atletiek: Blitzbyeenkoms (Noordheuwel)

Debat: Opleiding (Ouditorium, 17:00 – 19:00)

**5/9**

Swem: **Lentegala**

Koor: Ouervergadering (Saal, 18:00)




# AKADEMIE

## Parkies by provinsiale NW-vasvra in aksie

Talia Jonker, Milan Visser en Gizelle Geldenhuys het die skool verlede naweek by die provinsiale ronde van die Natuurwetenskap-vasvra in Johannesburg verteenwoordig. Me. Raquel Young, die NW-vakadviseur vir dieTshwane-Suid-distrik het vandeesweek besoek by die skool afgelê om die Parkies geluk te wens. #MenloTrots





MENLO
# PERSONEEL

## Menlo-onnie wen gesogte skryfkompetisie



Menlo se eie woordkunstenaar, meneer Corné van Wyk, is as wenner van Beeld se skryfkompetisie (poësieafdeling) aangewys. Hartlik geluk met 'n besonderse prestasie. Die Insig plaas graag die gedig waarmee meneer Van Wyk stof in die ander deelnemers se oë geskop het.

**bosveldseënwens ('n seisoen in my paradys)**

*vir breyten breytenbach*

onder die magiese wydte van die bosveldgewelf
kom 'n bosveldseënwens diep uit die hart gedelf

Mag die rooistofpad vrolik na jou huis swenk
en spesiale koesteroomblikke dáár jou hart deurdrenk
mag die somerwind se lang vingers
jou laat swierdans saam met boomtop, gras en vlinders

mag die kleurontploffing van 'n sonsak(genot)
jou siel bekoor en soos 'n soetdoring jou hart laat bot
mag die skouspel van elke rant en kop se silhoeët
verwondering, vrede en saligheid jou hart inbed
mag die melkweg knipoog vir jou drome en wense
'n kampvuurknetter opklink in die roesemoes lag van hartsmense

mag die engele dans oor jou velde wyd
vandag en môre en oormôre se altyd

**Wat beteken dit vir jou om te skryf?**

*Om 'n Afrikaansonderwyser te wees, maak nie noodwendig van my 'n skrywer of digter nie, maar dit het my aangebore talent om kreatief met woorde te toor en ander aan te spoor om ook te skryf, help vorm. Ek het 'n kreatiewe siel. Dit wat ek voel, dink en beleef, dit pen ek gewoonlik in digvorm neer. Ek leef my in en deur my skryfwerk uit.*

**Skryf jy gereeld?**

*Ek probeer om so gereeld as wat ek kan, die pen op te neem en die ink te laat vloei, maar in hierdie rotresies waaraan ons deelneem, spandeer ek nie naastenby soveel tyd aan skryf as wat ek graag sou wou nie. Dit is gewoonlik wanneer die stilte om my my bekruip, of ek in die verte tuur, wanneer my kop aan die dink, en my pen aan die skryf gaan.*

**Hoekom het jy besluit om vir die kompetisie in te skryf?**

*My Afrikaanskollegas het my aangemoedig en aangespoor om vir die kompetisie in te skryf. Ek het gewik-en-weeg en toe besluit om die geleentheid aan te gryp – ek het niks om te verloor nie.*

**Is kreatiewe skryf dalk 'n loopbaan wat jy oorweeg?**

*Ek werk elke dag met en in Afrikaans. Ek kry elke dag die geleentheid om in een of ander genre kreatief te dink, praat en skryf. Om leerlinge te leer skryf en hulle aan te moedig, vorm ook deel van my kreatiewe skrywes. Soms is hulle idees en energie die vonk wat my skryfvlam aan die brand steek.*

*Ek sou baie graag 'n bundel wil publiseer of 'n jeugroman die lig wil laat sien. Dit is twee groot drome wat ek najaag.*



AKADEMIE

# Menlo-natuurwetenskaplikes beïndruk

Die woord, Imbewu, beteken saad. Op die oog af is saad nie juis indrukwekkend nie, maar wanneer dit in goeie grond geplant word, transformeer saad oor tyd in iets manjifiek wat vir eeue kan bestaan. Net so het die mees briljante wetenskaplike uitvindings met 'n gedagte begin – 'n saadjie van nuuskierigheid wat wortel geskiet het in 'n vlymskerp brein.

'n Klompie jong Menlo-natuurwetenskaplikes het hulle gedagtes die afgelope naweek by die Imbewu Noord-Gauteng Ekspo getoets en die uitslae was verstommend.

Daar is 26 Menlo-projekte ingeskryf: twaalf hiervan word beloon met 'n goue toekenning, agt projekte verower 'n silwer toekenning en vyf projekte ontvang brons. Daarbenewens is nege Parkies met spesiale toekennings beloon.

Die spreekwoordelike kersie op die koek is Dea Higgins (gr. 8) se projek wat as die algehele beste projek in Gauteng-Noord geïdentifiseer is! Baie geluk aan elke Menlo-natuurwetenskaplike asook aan die onderwysers wat hierdie leerders se nuuskierigheid prikkel en akademies lei. Die enigste gevolgtrekking wat 'n mens kan maak, is dat die Menlo-natuurwetenskapdepartement sonder gelyke is.




Die volgende leerders het spesiale toekennings ontvang:

Zelia Küsel
Kategoriewenner: Siviel & Konstruksie

Luané Erasmus en Jan-Ernst Weilbach
Kategoriewenner: Elektrisiteit & Elektronika


Kian Müller
Kategoriewenner: Chemie & Omgewingschemie; Beste Afrikaanse Taalgebruik in 'n Wetenskapprojek

Liané de Wet en Adri de Beer
Kategoriewenner: Medies en Gesondheidsorg

Selie de Villiers & Ruben Janse van Rensburg
Derde beste projek

Dea Higgins
Kategoriewenner: Landbou; Beste Afrikaanse Taalgebruik in 'n Wetenskapprojek en Algehele beste projek.














# REDENAARS EN DEBAT

## Spoeg spat by ATKV-finaal

Die tonge was behoorlik los toe die land se beste sprekers en stryers vir die landswye ATKV-finaal vir redenaars en debat onlangs op Klein Kariba toegesak het. Tussen die menige leerders (wat elkeen ’n woordeboekgeweer tussen hulle redenaarskaartjies versteek) was daar ’n paar kletsers, langasems, pruttelkouse en natuurlik ’n paar Menloparkers!

ATKV-Redenaars gee aan leerders ’n platform om hul sê met selfvertroue in Afrikaans te sê – ’n vaardigheid wat hulle in die toekoms aan die voorpunt van hul velde sal plaas. Twee Menlo-raakpraters het hul slag by vanjaar se nasionale finaal gewys. Geluk aan Kayden Venter (gr. 9) en Erik Senekal (gr. 10).


Kayden het veertiende in die voorbereide afdeling vir huistaalsprekers (gr. 8 & 9) geëindig, terwyl Erik die tiende plek in die onvoorbereide afdeling vir huistaalsprekers beklink het. #absolutreggebek

In die debatafdeling het sake eweneens vlot vir die Parkies verloop. Erik Senekal en Le Roux van Wyk het hulleself as die sewende beste senior debatspan in die land bewys.

Baie dankie aan mnr. Corné van Wyk wat die skool by die kompetisie verteenwoordig het. Met die onderwysers en afrigters se leiding en die reggebekte Menloparkers se entoesiasme is Menlo se toekoms aan die redenaars- en debatfront skitterblink.










# LEIERSKAP


## Matriekraad gereed en gerat vir nuwe termyn

Met harte wat van entoesiasme oorloop, sakke vol planne en breë glimlagte het die nuwe Matriekraad verlede naweek na die Dinokeng-reservaat vertrek om die 2025 -termyn haarfyn te beplan.

Opleiding, beplanning en geesdrif is die sleutels tot sukses en na dese het die Matriekraad van 2025 die nodige gereedskap in hulle gereedskapskis om ’n sukses van hulle ampstermyn te maak. Baie dankie aan mnre. Kobus Hartman, Hein Brits, Nico Erasmus, Harm van Helsdingen en Johan Grové en mee. Santa Maritz, Esmé Claassen en Hannaliza Fechter wat aan die stuur van opleidingsessies gestaan het.

Te oordeel aan die foto’s is Menlo in entoesiastiese hande en die skool sien saam met die Matriekraad daarna uit om die planne wat tydens die kamp gemaak is, uit te voer. Voorspoed! Die skool staan agter julle.












# REVUE

## Menlo-revue vier oorwinning by Kaleidoskoop-kompetisie

Na drie jaar se toewyding en opoffering het die skool se revuespan hul regmatige plek op die verhoog van sukses vanjaar herwin. Met 'n indrukwekkende punt van 94% het dié span die gesogte Kaleidoskoop Revuekompetisie gewen. Hierdie merkwaardige prestasie getuig van die talent en samewerking van ons leerders en die toegewyde span wat hulle ondersteun het.


Die tema van hierdie jaar se revue, *Warriors*, is meer as net 'n artistieke konsep; dit is trouens 'n simbool van die span se stryd en triomf. Hul deursettingsvermoë het vrugte afgewerp en hulle het die skool se naam met trots hoog gehou. Mnr. Andrew Mc Geer en sy span wat onvermoeid agter die skerms gewerk het, verdien 'n spesiale woord van dank en waardering. Meneer Mc Geer en sy span het die leerders soos ware gladiators deur die spanning en opwinding van lang voorbereidingssessies en laataand kompetisies gelei en elkeen gemotiveer om hul beste te lewer.

Soos die krygers wat die Parkies op die verhoog uitgebeeld het, het ons revuespan getoon dat moed, passie en samewerking die sleutel tot sukses is.

Ons sien uit na die volgende uitdaging en weet dat die toekoms met sulke toegewyde mense in ons midde net blink kan wees.








# LANDLOOP

## Parkies maak landspoedrekord skrik

Noord van die Vaal is daar slegs 'n handjievol landloopatlete wat vinniger as die Parkies kan hardloop. Menlo se atlete het gewys dat verskeie landspoedrekords binnekort in die slag mag bly én dat hulle slaggereed vir die volgende landloopuitdaging is. Baie geluk aan die atlete en afrigters, mnr. JJ Smith en me. Lelanie v Wyk wat uitstekende uitslae by die Noordvaal-kampioenskap behaal het.

**Uitslae: Noordvaalfinaal**

Junior dogters: Algeheel 2de
Anneke Steynberg; Liné de Villiers; Bianca Stoltz; Michaela Marx; Zanta Lourens en Isabella van der Merwe.


Senior dogters: Algeheel 4de
Mart-Marie Jordaan; Jackie Coertze; Liané Smit en Kaitlyn van Rooyen.

Aflos ( 4 x 2km): 3de
Cara Schulz; Megan Nieman; Karla Bouwer; Lu Chelle Breedt.

Junior seuns: Algeheel 4de
Liam van der Merwe; Dylan Kraamwinkel; Llewellyn van Heerden; Danté Slabbert en Erwee Blom.

Senior seuns: Algeheel 3de
Luan Koen; Dian Koen; JM Maritz; Leon Stoltz; Ewan Lourens en Johann Roelofse.







# TENNIS

## Menlo-toernooi: absolut suksesvol!





Die Absolut Menlo-tennistoernooi kondig die koms van die lente vir die afgelope dekade op Menlo-bodem aan en 2024 was geen uitsondering nie. Nee, wag! Daar was een uitsondering! Sedert die Absolut Menlo-toernooi in 2006 vir die eerste keer aangebied is, het dit so uitgebrei dat die toernooi vanjaar by Groenkloof se bane én ons eie bane plaasgevind het en sodoende die status as die grootste en sterkste hoërskooltoernooi in die land verwerf het. Die onderwysers rapporteer dat die Parkies verlede week 'n verhoogde belangstelling in die Kaf se spyskaart getoon het, maar die Insig vermoed dat dit die Carlosse en Iga's van die toekoms is wat eintlik die aandag getrek het en dat die Parkies net graag verby die tennisbane wou stap.

In die verbyry kon die toernooi maklik met die aksie op Flushing Meadows verwar word: Talentvolle spelers met 'n magasyn vol troefkaarte het toeskouers na hulle asems laat snak terwyl tellings met skrefiesoë gevolg is. Gepraat van die toeskouers… Die graadelfs het hulle soos wafferse Wimbledon-koninklikes gedra terwyl die talent van die fikse spelers op die openingsdag bewonder is.

Baie geluk aan Menlo se dogters wat die agtste plek behaal het en die seuns wat na 'n titaniese eindstryd in die tweede plek geëindig het.

Menlo se afrigters, mnre. Hendrik Coertzen, Conré Bergsma, Hanco Benadé en Dewald Greyling verdien 'n veer in die hoed vir hulle insette. Baie geluk aan Menlo se voorslagspelers wat deurgaans puik spel opgedis het en die besoekers met Menlo-gasvryheid verwelkom het.

Me. Elné Coertzen en haar span verdien 'n pluimpie vir die puik reëlings. Die Insig sal nie verbaas wees as hierdie gedugte span gevra word om by die beplanning van die volgende Wimbledon-toernooi betrokke te raak nie.

### Menlo-spanne

Seuns: Stefan Jansen van Vuuren, Joshua Smit, Johan Bosch, Kelly Mostert en Christiaan de Bruine.

Dogters: Megan Fourie, Karina Pont, Simoné van Zyl, Carmen Nel en Melissa Meyer.

### Deelnemende skole

Hoër Boland Landbouskool, Hoër Meisieskool Bloemhof, Hoërskool Duineveld, Hoërskool Garsfontein, Hoërskool Nelspruit, Hoërskool Noordheuwel, Hoërskool Stellenbosch, Hoërskool Waterkloof, Paarl Gimnasium, Paarl Girls' High School, Potchefstroom Gimnasium, Pretoria Boys High School en Sekondêre Meisieskool Oranje.

#MenloSpanwerk #MenloSukses





# KRIEKET

## Menlo-krieket kraai koning met die kolf

Volgens die Amerikaner, Malcolm Gladwell se tienduisenduurreël, behoort 'n mens tienduisenduur se blootstelling aan 'n aktiwiteit te kry voor jy enige sukses kan verwag. Dit wil voorkom asof die krieketmanne reeds hierdie tyd agter die blad het, aangesien die opponente glad nie op dieselfde blad(sy) as ons kolwers is nie. Baie geluk aan die spelers en afrigters. Julle slaan die opponente week na week vir 'n ses. Hier volg die uitslae van die afgelope week se wedstryde:

### Menlopark o. 14A teen Garsfontein o. 14A

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 222 almal uit (Chris Naude 3/34, Niël van Zyl 3/26) |
| Menlo | 223/3 (Anton de Klerk 69*, Schalk van Ettinger 67*) |

Menlo wen met 7 paaltjies.

### Menlopark o. 14B teen Garsfontein o. 14B

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 107/8 (Jaden Labuschagne 6/13) |
| Menlo | 85 almal uit (Jan-Hendrik Viljoen 17) |

Garsfontein wen met 23 lopies.

### Menlopark o. 14C teen Garsfontein o. 14C

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 135/9 (Ruben Kirchner 3/9, Marco Eastman 2/15) |
| Menlo | 138/6 (Marco Eastman 43*) |

Menlo wen met 4 paaltjies.

### Menlopark o. 15A teen Garsfontein o. 15A

| | |
|---|---|
| Menlo | 132 almal uit (Corrie Botha 33, Keagan Hills 21) |
| Garsfontein | 133/6 (Verster Richter 2/24, Heinrich Claassen 2/20) |

Garsfontein wen met 4 paaltjies.

### Menlopark 3de XI teen Garsfontein 3de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 277/8 (Corrie Botha 69, Keagan Hills 44) |
| Garsfontein | 216/9 (Heinrich Claassen 5/32) |

Menlo wen met 61 lopies.

### Menlopark 2de XI teen Garsfontein 2de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 123 almal uit (Marcus de Aguiar 30, Jan-Willem Pienaar 26) |
| Garsfontein | 101 almal uit (Murray Hofmeyr 4/28, Jacques de Villiers 3/19) |

Menlo wen met 22 lopies.

### Menlopark 1ste XI teen Garsfontein 1ste XI

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 201 almal uit (Pierré de Villiers 4/39, Ewald Meyer 3/31) |
| Menlo | 202/9 (Matt van der Westhuizen 30, Steve Stolk 30, Wian van Deventer 48*) |

Menlo wen met 1 paaltjie.







# FIETSRY

## Vreesloos, fiks & verstommend vinnig

Die vertoning wat vanjaar deur Menlo se fietsryers gelewer word, kan met geen ander woorde as *tour de force* beskryf word nie. Week na week daag die span *en masse* op om die vyand te verslaan – die mededingers mag selfs voel dat hulle in sirkels ry, so baie Menlo-truie is op die roete in omloop. Ons jaers het hulle verlede naweek nie deur die tegniese aard van die baan by HTS John Vorster laat flous nie en die Insig kan bevestig dat geen nerfaf knie of skouer in 'n stut onlangs op die stoepe gewaar is nie.

Baie geluk aan elkeen van Menlo se jaers wat 'n aandeel aan Menlo se 2024-kragtoer het. Hier volg die uitslae:

**Subjuniors (Dogters o. 14):** Melinda Erasmus 20; Mieke vd Berg 21.

**Subjuniors (Seuns o. 14):** Wihann Schalekamp 18; Alex Kruger 23.

**Jeug (Dogters o. 15):** Katrijn Botha 7; Zelia Küsel 8; Cara Schulz 12; Elke van Biljon 17; Selie de Villiers 20; Anina De Waal 23.

**Jeug (Seuns: o. 15):** Jaco Aldum 5; Gustav vd Werff 20.

**Jeug (Dogters o. 16):** Caitlin Read 12; Isabella Strydom 15; Marlene Kruger 17.

**Junior Vroue (o. 17):** Arielle Behr 1; Maya van Greunen 18; Lizoné Coetzee 21.

**Junior Mans (o. 17):** Stephan Aldum 1.

**Junior Vroue (o. 18 & o. 19):** Marle van Wyk 14.

**Junior Mans (o. 18 & o. 19):** Ruben van Biljon 11; Pieter Kriek 15.







# PERDRY

## Menlo-ruitersport: 2024 is hulle jaar!

Ruitersport het sy oorsprong in antieke Griekeland waar dressage as 'n manier gebruik is om perde vir oorlog voor te berei. Die sport het die toets van tyd deurstaan en die Menlo-bodem spog sedert die draai van die eeu met topklas ruiters. Hartlik geluk aan die ruiters wat hulle buiging vanjaar by Sanesa se nasionale kampioenskap by Kyalami Park Klub sal maak:

**Core League National Championship**
Amelia Smit, Annebell Pienaar, Lize Coetzee, Mieke van den Berg, Milan Brink, Minke Kruger, Mirabelle Neveling, Nadine Roux, Nina Prinsloo, Paige Durrant en Ziané van den Berg.

**Core League Rising Stars Challenge Championship**
Dea Higgins, Lisa Fouche, Micaela Cloete en Milan Brink.

**Western Mounted Games (Afridome, Parys)**
Paige Cronje





# MENLOFEES

# 7 SEPTEMBER 2024


## Die ABC van die F-E-E-S!

## Menlofeeskaartjies

- Toegangsfooi: R200
- Kunstenaars: Almero, Rooksein, Zaan Sonnekus & Bok van Blerk
- Mandjiedans (ouers)
- Sokkie (leerders)
- Gr. 11-modeparade
- Rugby op die GROOTskerm: Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Ysskaatsbaan
- Stalletjies
- Gratis toegang vir kinders onder vyf jaar

## Boerpotkaartjies

- Boerpotkaartjies: R100
- Trekking: 7 September 2024 om 19:00 by die Menlofees.
- Boerpotkaartjies is onafhanklik van Menlofeeskaartjies – jy kan 'n boerpotkaartjie koop sonder om 'n Menlofeeskaartjie te koop!





## Rugby op die GROOTskerm

- Springbokke vs. Nieu-Seeland
- Bring jou hele span en geniet die rugby in 'n feestelike atmosfeer.

## Mandjiedans

- Ouers, pak julle dansskoene, kampstoel en koelboks in en geniet 'n nuwerwetse mandjiedans op Menlo-bodem.
- Sondebelasting van R150 per koelboks word gehef.



## Program

| | |
|---|---|
| 14:00 – 15:00 | Battle of the bands |
| 15:00 – 17:00 | Modeparade |
| 17:00 – 19:00 | RUGBY: Springbokke vs. Nieu-Seeland |
| 19:00 | Almero |
| 20:00 | Rooksein |
| 21:00 | Zaan Sonnekus |
| 22:00 | Bok van Blerk |
| | Sokkie en Mandjiedans |



## Waar koop ek kaartjies?

- Kaartjies is by iTickets beskikbaar.
- Daar is drie verskillende kaartjies beskikbaar:
  - Menlofeeskaartjies: R200 p.p.
  - Boerpotkaartjies: R100 per lootjie.
  - Sondebelasting vir koelbokse: R150 per koelboks.

iTICKETS
EXPERIENCES START HERE

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# Menlovaria

**Sluitingsdatum vir inskrywings is 30 Augustus (behalwe Koeke, Harevleg en Potte).**
**R20 per inskrywing per persoon per aktiweit. Betaal by E103(me. Lubbe)6:45-7:00, pouse en na skool tot 15:00 (tot 6 September).**

| Aktiwiteit | Navrae | Belangrike Datums -deelname |
|---|---|---|
| Dans | me. E Heyns (BT1) | Woensdag, 4 September, Saal, 15:00 |
| Ligte musiek: vokaal en instrumentaal | me. J van Papendorp (Musieklokaal) | Maandag, 2 September, Ouditorium, 14:30 tot klaar |
| Klassieke musiek: sang en instrumentaal | me. C Maré (Musieklokaal/B102) | Donderdag, 5 September, Musieklokaal, 14:30 |
| Bands | mnr. L de Jager (Musieksentrum) | Vrydag, 30 Augustus, Amfiteater, 14:00-15:30 |
| Kunskaperjolle | me. I van Niekerk (F201) | Vrydag, 6 September, Matriekplein 13:30-17:00 |
| Potte | Seniors: me. Kriek (I104)<br>Juniors: mnr. J van Helsdingen(E202) | Vrydag, 6 September, 14:00-17:00, Matriekplein en Menloplein |
| Koeke | me.Y Alkema (D102) | Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring koeke tussen 12:00 en 13:00 |
| Foto's | me. M van de Merwe(A103) | Ingeedatum: Vrydag, 30 Augustus |
| Drama | me. R van Blerk ( BT1) | Woensdag en Donderdag, 4-5 September, Blou Teater, 14:30-16:00 |
| Rokkies | me. Hefer (H11) | Vrydag 6 September<br>13:15-18:00, Musieksentrum<br>en 7 September, 15:00-17:00 |
| Skryfkuns | me. M Nel , (A1)<br>3 September- Onbekende tema<br>2 September -Oop tema | Opstel/kortverhaal/gedigte-3 September 14:30-17:00, Kortverhale (Afr/Eng)en gedigte (Eng/Afr/Sotho/Frans/Duits) Ingeedatum 2 Sept, A1 |
| Duitse Huisies | me. van der Westhuizen | Saterdag, 7 September, Rugbyklubhuis, Bring huisies tussen 12:00-12:45 |
| Harevleg | me. H Smit(I2) | Inskrywings sluit Donderdag, 5 September<br>Blou bankies tussen G- en I- blok,<br>6 September, 14:30 |
| Sokkiejol | me. C Barnard( G102) | Saterdag, 7 September, Rugbyveld, voor die verhoog, 22:00 |




**Kaartjies is nou beskikbaar!**

# MARKPLEIN



## AMAX

### REKENINGKUNDE & OUDITEURE
### KLERKSKAP BESKIKBAAR

***Hierdie is 'n wonderlike geleentheid vir Matrikulante, passievol oor Rekeningkunde en Ouditeure wat waardevolle praktiese ervaring wil opdoen terwyl hulle studeer.***

- Goeie punte vir Rekeningkunde en Wiskunde.
- Hardwerkend, gefokus, en verantwoordelike persoon wat toegewyd is aan Rekeningkundige/Ouditeur beroep.
- Vermoë om spertye na te kom en werk binne 'n span.
- Sterk kommunikasievaardighede.
- MOET 'n bestuurslisensie hê en bereid wees om te bestuur.
- Tweetalig.
- Gedrewe om te kwalifiseer as 'n Rekenmeester/Ouditeur

Stuur jou CV na **gerdie@amaxsa.co.za**
Gebruik die volgende verwysing: **REKENINGKUNDE & OUDITEURE KLERKSKAP**

012 761 7850 www.Amax.Services

*"By submitting your application, you consent to the use of software, artificial intelligence, or third-party services for the analysis and processing of your job application and personal information, which may be shared with these platforms."*

## Flavourlicious Creations

## Bespoke cakes and cupcakes for all occasions



- **Baked from scratch**
- **Quality ingredients**
- **Delicious**
- **Beautiful**



**Contact us for a quote:**

**076 7733262**

**info@Flavourlicious.co.za**

**Follow us:**

**Flavourlicious Creations**

**Flavourlicious_creations**

## Red Rose Cafe

***Home away from home***
***Cozy & Homely Astmosphere***
**Monday – Saturday 8h00 - 16h00**
**Sunday 8h00 - 14h00**

**Greenlyn Village, c/o Mackenzie & 13th Street, Menlopark**

**(Inside Stodels)**

**@ 064 917 9937 Fatima**

### DAILY LUNCH SPECIALS

**Monday** R60.00
Pie, Gravy and Chips

**Tuesday** R60.00
Quiche with Salad

**Wednesday** R50.00
Mac and Cheese

**Thursday** R60.00
Curry and Rice

**Friday** R50,00
Chicken Prego Roll with Chips

**Saturday** R50.00
Boerewors Roll with Chips

**Sunday Lunch** BOOKINGS ESSENTIAL @ 064 917 9937 Fatima

## NAALDWERK VERSTELLINGS

KONTAK BERTA WHEELER BY:

073 501 8228

EQUESTRIA